

Inhoud Hierdie preek wys dat ons leef ons eie lewe op die krediet van Christus se lewe. Christus het sy regverdige en heilige lewe se beloning opgegee en vir ons gegee as die beloning waarbinne ons leef. Ons gee nie ons lewe op en prys vir God nie, ons leef ons lewe op Christus se krediet vir God.

Skriflesing Galasiërs 1: 6 – 8; 2: 15 – 21; 3: 13,14.

Teks Gal. 2: 20 Ek leef nie meer nie maar Christus leef in my.

Tema Ons leef ons lewe in Christus se verdienste

1. Deur ons geloof in Jesus Christus as ons Here, leef ons op 'n nuwe manier. Die nuwe manier waarop ons leef, is dat ons self nie meer leef nie, maar Christus in ons.

Hierdie is 'n teenstrydigheid waarin ons leef. Eers stel Paulus: “ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my.” Volgens hierdie stelling klink dit amper asof Christene dan geen eie lewe meer het nie, maar Paulus verduidelik self hierdie stelling dadelik met die volgende sin: “Die lewe wat ek nou liggaamlik leef, leef ek in die geloof, die geloof in die Seun van God, wat my liefgehad en homself vir my oorgegee het.”

Dit is teenstrydigheid: eers stel Paulus dat ons nie meer leef nie, maar Christus in ons en dan direk daarna as verduideliking van die stelling dat ons ons lewe leef in die geloof. Dit teenstrydigheid is die gedeeltes van hierdie sinne: Ons leef nie meer nie en dan daarna “Ons leef ons lewe in die geloof.” Die een gedeelte stel dat ons nie meer leef nie en die ander gedeelte stel dat ons ons lewe leef.

2. Hierdie eerste sin: “Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my.” Word vandag oor die algemene in kerklike prediking en lering die eerste sin heeltemal los gemaak van die tweede sin (Die lewe wat ek nou hier leef) en dan word daar 'n heel nuwe soort geestelikheid in die kerk geleer wat só klink: “Jy moet leer om nie meer self te leef nie, en as jy dit reg kry sal Jesus binne in jou begin lewe.”

Hierdie Jesus wat jou leer om nie meer te leef nie sodat Hy jou lewe in jou as sy eie lewe kom leef, is 'n afgod!

Paulus noem hierdie afgod in hoofstuk 1 die ander verdraaide evangelie wat beteken dit is 'n ander verdraaide Jesusbeeld, dit is nie die Christus wat Paulus verkondig nie.

Ons kan hierdie ander verdraaide Jesus en wat hy kamstig doen met 'n voorbeeld toelig.

Dit is soos 'n pa en seun wat saam werk en die seun gate met 'n boormasjien boor. Wanneer die seun die gate skeef boor, word die pa kwaad, sê vir sy seun hy moet opsy staan en net stil staan en kyk. Hy sal self die gate reg boor omdat sy seun dit nie reg doen nie. Só leef die seun nie meer sy eie lewe nie, maar leef sy pa sy lewe vir hom, terwyl hy in en vir sy eie lewe moet opsy staan.

Dit kan ook só werk dat die by sy seun kom staan en die hele tyd presies alles oomblik vir oomblik vir die seun sê wat om te doen. Dan dink, voel, beplan, meet en pas die seun niks meer nie. Hy is net 'n leë liggaam wat met sy pa se wil, lewe, planne en gevoelens vervul is. Só leef sy pa dan sy lewe deur sy seun wat innerlik self nie meer sy eie lewe leef nie.

3. Só word hierdie sin: “Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my”, in die kerk gepreek. Jy moet in en vir jou eie lewe wegstaan, opgee op jouself en jou lewe oorgee aan Jesus. Jesus sal jou lewe liggaam dan vat en alles wat Hy wil wees en doen deur jou doen. Só leef jy nie meer nie, maar Jesus leef in jou.

Of dit word só gepreek: “Jy moet jou eie gedagtes, gevoelens, planne en inspanning opgee en oorgee en met Jesus se gedagtes, gevoelens, planne en inspanning vervul word. Jy moet niks wees nie maar Jesus toelaat om alles wat Hy wil wees, deur jou te wees. Só sal jy nie meer leef nie, maar Jesus in jou.

Wat is fout met hierdie geestelikheid?

Wie het Homself oorgegee volgens Gal. 2:20? Dit is nie ons wat onself moet oorgee nie. dit is die Seun van god wat homself vir ons oorgee het! Ons gee onself nie oor en op vir Christus nie! Dit is net mooi die verdraaiing van die evangelie: Hy het homself vir ons oorgee.

Wanneer jy dan hierdie snaakse geestelikheid volgens hierdie verse in die Bybel wil toepas, dan moet dit mos eintlik so klink en werk: Jesus het Homself oorgee dat ons in Hom kan leef. Jesus moet ijn en vir sy eie lewe opsy staan en toelaat dat ons ons lewe binne in Hom leef. Hy het mos Homself oorgee!

4. Daarom, om die evangeliese betekenis van die sin: “Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my”, te vind, moet ons eers vra wat beteken die uitdrukking “oorgee” in die opvolgsin wat hierdie eerste stelling self verklaar.

Kan dit ooit iets beteken soos jy moet op gee en opsy staan op en vir jou eie lewe en nie meer self leef nie?

Oorgee in hierdie sin beteken oorgee om gekruisig te word.

Jesus het nie opgegee nie! Opgee sou beteken Hy het alles wat Hy kon probeer om sy dissipels en die Jode te oortuig om in hom te glo en na Hom te luister, maar hulle het nie na Hom geluister nie en Hom toe gekruisig. Dan beteken hy het Homself aan die kruis oorgee dat Hy opgegee het met die Jode en sy dissipels en Hom toe maar aan hulle haat en geweld oorgee.

Maar dit is teen alles wat die Woord hier openbaar. Jesus het homself oorgee aan die kruis. Dit is nie ander mense wat Hom aan die kruis oorgee het nie. Hulle het Hom net gekruisig, maar Hy het Homself aan die kruisiging oorgee.

5. Om wat te bewerk en te bereik?

Sodat ons wat sonde doen vir God regverdig kan wees!

Christus het regverdig geleef. Hy het God reg lief gehad volgens God se gebooie. Hy het gewerk om reg te wes en reg te leef en het dit reggekry. Hy het sy lewe wat met God reg is deur sy gehoorsaamheid aan God se liefdesgebod verdien.

Met sy kruisiging het Hy Homself oorgegee om ons vry te koop van die vervloeking wat die wet meebring deur in ons plek 'n vervloeking te word. (Gal. 3:13) Hy wat die verdien het om vir God reg te wees deur die regte liefde wat Hy vir God en mense gehad het, het die vervloekte mens geword wat dit nie reg kry om god en sy medemens lief te hê nie.

Dit het Christus in my plek vir my geword sodat ek ingesluit kan word in die seëninge van God wat Hy met sy regte lewe verdien het. Christus laat ons lewe en liefde vir God reg wees deurdat ons deel sy sy verdienste volgens sy regte lewe wat nie vir hom getel het nie.

Vrygekoop beteken ek is vrygekoop van die vervloeking wat 'n mens verdien wat nie God reg lief het nie en vrygekoop om te deel in die seëninge wat Hy met sy regte liefde in sy lewe verdien het.

Só laat Christus ons 'n totaal nuwe lewe leef. Ons leef ons lewe in die seëninge van God wat Christus met sy regte lewe verdien het omdat Christus homself oorgegee het om in ons vervloekings vir ons sondige lewe te sterf.

Ons lééf ons léwe! Dit is hoe Paulus dit stel: “Die lewe wat ek nou liggaamlik leef, leef ek in die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.”

6. Wat beteken die stelling dan “Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my!”?

Dit beteken dat ek nie self die regte lewe kan leef of die seëninge van hierdie lewenswyse kan verdien nie, want ek kry dit nie reg om só te leef nie. Dit beteken ek betaal nie vir die seëninge wat ek kry nie, want ek kry nie die seëninge vir die wyse waarop ek self leef nie. Ek kan nie die werk gedoen kry om reg te wees in my liefde vir God nie. Daarom het ek gestop om só te leef en te probeer leef. Ek werk nie meer en leef nie meer om reg te wees vir God nie, want daardie lewe is vir my dood. Dit is vir my verby. Daardie mens wat ek moet wees wat só moet leef, om reg te leef om geseën te word, leef nie meer in my nie.

Wat beteken dit dat Christus in my leef? Dit beteken dat om reg te leef en reg te wees vir God is dit wat Christus vir my gee. Die verdienste van 'n regte lewe, om geseën te word deur God, kry ek as gawe van Christus. Dit is sy seëninge wat Hy met sy regte lewe bewerk het en myne laat wees – en daarom noem Paulus dit: “Christus leef in my!” Want dit is nie net somer dinge of goeters wat ek kry nie, dit is om ingesluit te wees in die lewe wat Christus as mens leef vandag. Sy lewe wat Hy leef, laat my lewe deel wees van sy seëninge wees.

Ek leef vir God die regte lewe deur die lewe van Christus waarby ek ingesluit en mee verenig is. Die lewe wat Christus leef, is my eie lewe en daarom word dit beskryf as “Christus leef in my”. Daarom is die lewe wat ek leef die lewe wat hy met sy lewe verdien het, voor betaal het en bewerk het. Ek leef hierdie lewe, wat Christus leef en my by insluit.

7. “Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my!” Ek wil hierdie lewe verduidelik met ’n voorbeeld. Dit gaan oor ’n vriend van my se seun. Hy wou graag op ’n koortoe na Europa toe gaan maar het nie die geld vir hierdie lewenservaring gehad nie. As skoolier kon hy ook op geen manier vir hierdie geld werk en verdien nie. Sy pa het geweet dat hy nooit hierdie lewe in Europa kan gaan leef met sy eie verdienste nie en het toe dit betaal, maar meer as dit, hy gee toe vir sy seun sy kredietkaart sodat hy alles kan gaan beleef wat hierdie lewenservaring van ’n lewe in Europa inhou. Sy pa het met sy lewe en werk ingestaan sodat sy seun hierdie lewe in Europa kan gaan beleef.

Toe gebeur daar iets baie besonders. Elke aand bel die seun en vertel vir sy pa hoe duur alles is en dat hy voel hy kan nie na al die plekke gaan en al die dinge doen nie, want hy weet hoe sy pa moet leef en werk vir die geld wat hy nou sal gebruik. Hy weet hoe hard sy pa en ma besig is om te werk en hoe moeilik hulle lewe is om sy lewe vir hom in Europa moontlik te maak. Hy wou spaar om dit wat sy pa vir hom bewerk het.

Hy het gevoel hierdie lewe is te duur en hy sal eerder op alles wat hy kan doen en waarheen hy kan gaan opgee en prysgee as om die swaar verdienste van sy ouers se harde en moeilike lewe vir sy lewe te gebruik.

Sy pa moes hom elke keer aanmoedig en verseker dat hy alles op sy pa se kredietkaart mag doen, meer, dat dit juis is hoekom hulle as ouers so hard werk en moeilik leef, omdat hulle vir hom hierdie lewens moontlikheid wil gee. Hy mag deur sy ouers se lewe van harde werk en moeilik leef, sy lewe in Europa leef. Dit is juis waarvoor hulle leef en werk, sodat deur hulle lewe hy sy lewe kan leef.

8. Dit is die bedoeling van Paulus se stelling: “Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my!”

“Ek leef nie meer nie”, beteken ek leef nie ’n lewe wat vir God reg en goed is, in eie verdienste nie. Ek bewerk nie met my regte lewe enige seëninge van God nie; ek leef nie met die seëninge wat ek bewerk het deur self reg te leef nie.” Ek leef nie meer nie beteken dat ek nie meer werk om reg God te leef nie.

“Christus leef in my”, beteken net soos die voorbeeld dat die lewe wat ek vir God leef, is ’n lewe binne die verdienste van Christus. Hierdie verdienste van Christus is nie sommer net iets wat Hy vir my gee nie. Sy verdienste om vir God reg en goed te wees, is die lewe wat hy as mens geleef en vandag nog leef. Net soos die voorbeeld is dit die lewe van die ouers wat hul kind se lewe in Europa bewerk en moontlik, maak. Hy leef “hul lewe” beteken sy lewe is die vrug van hul lewe vir hom. Christus se lewe wat Hy as mens leef, is my lewe waarin ek vir God se liefde reg en goed is.

Só leef ek my lewe vir God. Die lewe wat ek het deur my vereniging met Christus wat sy lewe vir my leef.

Christus se lewe wat Hy vir my leef in die hemel, maak my lewe op aarde my Europese toer. Ek leef op die krediet van Jesus Christus se lewe. Hierdie krediet is onbeperk en met sy krediet op sy lewe word al die moontlikhede van ’n lewe in God

se liefde vir my ontsluit. Met die krediet van die lewe wat Christus vir my leef, leef ek elke dag vir God!

Ek leef nooit op my eie krediet nie, want ek kan geen krediet vir die lewe vir myself met my eie lewe en werke verdien nie.

9. Wat is hierdie “opgee” en “oorgee” van jou eie lewe soos dit wêreldwyd deur die moderne Christelikheid aan gelowiges kamstig as die regte lewe voorgehou word?

Ons kan dit weer met ons voorbeeld toelig. Dit is wanneer daardie seun by sy kom om vir hom 'n koorlewe in Europa te ontsluit, dat die pa dan sê dat eintlik wou hyself nog altyd Europa getoer het en dat hy vir die toer sal betaal, maar nou is dit sy seun se toer saam met sy ouers deur Europa. Hy mag nog aan die kooroptredes deelneem, maar die res van die tyd moet hy saam met sy ouers toer sodat hulle alles kan doen wat hulle in Europa wil doen. Hy leef nie meer sy koortoer in Europa nie, maar sy pa leef sy koortoer as sy eie Europa-toer. Só maak hierdie pa sy seun se lewe, sy eie lewe en kan die seun nie meer die koortoer as sy lewe leef nie, maar moet hy sy lewe opgee en oorgee vir sy pa. Hy leef nie meer nie. Hy het sy lewe opgegee en oorgegee vir sy pa wat sy lewe as sy eie lewe wil leef.

“Jy mag nie jou eie lewe leef nie, God wil sy goddelike lewe deur jou leef!” Dit is wie en wat Christus dan kamstig is. Hy is die gees waardeur God jou nie jou lewe laat leef nie, maar God sy lewe deur jou leef. Daarom preek hulle dat jy jou eie lewe moet opgee en oorgee vir God, sodat God sy lewe deur jou lewe kan leef.

Hierdie god wat nie sy eie lewe leef nie en hierdie Jesus wat jou op en vir jou eie lewe laat opsy staan om daarop op te gee en oor te gee, is die ander Jesus wat niks anders as 'n afgod is nie. Dit is net afgode wat deur mense se lewens lewe en hulle uit hul eie lewe verdring. Afgode leef ook nie regte deur mense nie. Dit is die geestelikes wat afgode opbou en voorhou, wat hulle eie lewe as geestelikes deur die lewe van ander mense wil leef. Hulle gebruik net die Naam Jesus sodat hulle die lewe wat Jesus vir jou bewerk as jou lewenstoer, kan opeis as hulle eie lewe en jou uit jou eie lewe met Christus verdring.

Ons lééf die lewe wat Christus vir ons met sy lewe bewerk en verdien – reg vir God en sy liefde met alles wat dit vir ons in die wêreld ontsluit! Só leef ons nie meer ons ons eie verdienende lewe nie, maar leef ons die lewe wat Christus vir ons bewerk en verdien het.

10. Watter mense gee op hulle self op en hulle lewe oor?

Hulle wie nie meer lus is vir hulself en hul eie lewe nie. Dit is die geestelikes van hierdie wêreld in die kerk mense lusteloos preek vir hul eie lewe. Hulle preek jou as hierdie jammerlike patetiese versukkelde mens wat nie sy eie lewe kan leef nie met die groot oplossing dat jy daarom moet opgee op jouself en jou lewe moet oorgee. Lusteloos vir jou eie lewe omdat jy te sleg is vir jouself!

Vir hierdie lusteloosheid vir jou self is hulle afgod die antwoord: wanneer jy lusteloos opgee op jouself, sal hierdie God sy lewe in jou kom leef! En dan hoef jy nie meer so te sukkel met jouself en jou eie lewe nie.

Hierdie selflose lewe vir mense wat op hulle self opgee preek hulle in die naam van hierdie Bybelvers: “Ek leef nie meer nie maar Christus leef in my!

Christus is die Here wat ons ons lewe in die geloof laat leef, nie op gee op ons lewe nie. Christus het sý lewe se verdienste en seëninge oorgegee as ons verdienste en seëninge waarin ons ons lewe vir God kan leef. Hy het homself as offer oorgegee sodat ons nooit onself of ons lewe as offer vir God kan gee omdat ons nie meer vir onself lus is nie.

Christene leef hul ewe vir God! Dié lewe wat ons op sy krediet leef en nie op ons eie verdienste nie. Sy krediet op sy lewe is ons s'n en dit ontsluit vir ons 'n volle lewe in die liefde en goedheid van God in hierdie skepping.

Ons leef nie op ons eie krediet nie, maar op die van die lewe van Christus! Kom ons leef hierdie lewe vir God, deur ons geloof in Christus: “ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my!